DIE INVLOED VAN MAGSVERHOUDINGE OP LUISTER

Elize Morkel is 'n kliniese sielkundige wat veral spesialiseer in narratiewe beradingsterapie. Sy het by die afgelope Verantwoordelike Vernuwingskonferensie by Stellenberg gepraat oor die invloed van magsverhoudinge op luister. Hier is haar verdere nadenke oor die onderwerp. Vir meer inligting, besoek haar webtuiste by http://www.elizemorkel.co.za

Draftyd is vir my dinktyd en so worstel ek soggens met die versoek om hierdie artikel te skryf. Ek wonder hoekom dit vir my, wat so baie oor die onderwerp te sê het, so amper verlammend-moeilik is om tot skryf oor te gaan. 'n Klomp gedagtes maal deur my kop. Ek dink aan julle, die lesers – predikante - en wonder hoe ek eerlik sou kon praat sonder dat die sensitiewe leser na die eerste paar woorde my netjies sal kategoriseer en kopskuddend sal omblaai op soek na iets meer akademies en teologies verantwoordbaar.

Eintlik is die vraag wat ek myself afvra: wie is ek nou om te dink ek kan die predikante iets leer? Ek is 'n vrou wat akademiese teologie bestudeer uit biblioteekboeke wat dikwels net een stempeltjie voorin het, 'n gelowige en amper vyftig jaar lank deel van die NG Kerk. Klink maar flou as mens nou met selfvertroue en gesag wil praat in die konteks van 'n kwartaalblad vir "gesalfdes van die Here", soos my ma altyd beklemtoon het.

Hierdie binnegesprek van my illustreer hoe ons voordurend besig is met beoordeling van wie se stem in watter konteks die meeste gesag dra en hoe daar dus daarna geluister sal word.

Skielik onthou ek wat dit is wat mense darem gewoonlik bietjie laat regop sit as ek praat – ek is 'n sielkundige met 'n redelike goeie naam in ons omgewing. Verstommend genoeg tel dit selfs in die kringe van die dominees nogal iets. Want sien, maak nie saak hoe ek verkies om myself te beskryf of hoe irrelevant my opleiding as sielkundige is in baie van die kontekste waar ek my stem laat hoor nie, dit is die etiket wat my altyd die verste bring.

Hierdie binnegesprek van my illustreer hoe ons voordurend besig is met beoordeling van wie se stem in watter konteks die meeste gesag dra en hoe daar dus daarna geluister sal word. In die kerk het vroue se stemme min gesag, was ons vir so lank uitgesluit van teologiese opleiding, ampte en leiersposisies dat ons waarskynlik vir geslagte lank nog 'n minderheidstem in die oorwegende manlike koor sal hê. Die magsgaping tussen man en vrou in ons samelewing is reeds groot. Voeg daarby die kennisgaping tussen gewone lidmaat en predikant en sit nog die status van gesalfde en boodskap-en-beelddraer-van- God by en die kanse van gehoor word in kerkkonteks is omtrent nul.

Maar gelukkig is ek darem wit, geleerd, professioneel suksesvol en middelklas – glad nie heeltemal sonder mag en status nie, al is ek nou 'n vrou. In my spreekkamer sal dominees (die wat nie 'n afspraak kon kry by 'n opgeleide dominee wat ook 'n pastorale terapeut of sielkundige is nie) selfs

luister na my mening.

In my spreekkamer sien ek die effek op die lewe van mense wat jare lank as kinders seksueel gemolesteer was en hulle vra: "Vir wie moes ek sê, wie sou my glo oor die dade van die grootmens met die geld, goeie posisie, aansien en mag?" Hoeveel keer moes ek al aanskou hoe die kerk grootmensoortreders ondersteun en kinderslagoffers verdag maak?

Ek moes glimlag toe ek lees dat die Ring van die Kaap die Goeie Hoop vir Laurie Gaum gevra het waarom hy nie vroeër in gesprek getree het met die kerk oor sy seksuele oriëntasie nie. Wat maak kinders as hulle weet hul ouers het klaar besluit oor 'n ding waaroor hulle nog nie eers gepraat het nie – hulle raak maar agteraf of loop gewoon weg. Die kerk se praktyk was mos altyd nog om eerder na die Kundiges as die gemarginaliseerdes te luister.

Toe onderhoude met Sunette Pienaar, predikant wat uit die NG Kerk bedank het, in die dagblaaie verskyn, skryf iemand ewe vroom hoe sy pa hom geleer het mens praat nie uit nie, jy los jou probleme in jou huis op. Ja, dink ek, as dit maar so kon wees dat almal se stemme ewe veel gewig gedra het in 'n huis. Hoe praat 'n vrou in huis wat nog altyd net vol mans was wat nog nie eers agtergekom het dat daar nou vroue tussen hulle is wat dalk ander behoeftes en menings mag hê nie? Ons het mos 'n baanrekord waar die hoof van die huis mense sommer in die tronk gestop het as hulle durf teëpraat het. Waar sou die ANC vandag gewees het as hulle nie uit die huis uit in die buiteland gaan praat het nie?

Ons, witmense, is nou wel gedwing om ons politieke mag te deel, maar ek sien nie skielik wit huis-, tuin- en plaaswerkers of wit plakkerskampe nie. Nee, die ekonomiese mag, die voordeel van ons bevoorregte skolastiese en opleidingsgeleenthede en die historiese mags- en statusvoorsprong wat witmense het, maak ons nog steeds dié met die regte, voorregte en stemme op baie terreine, maar veral in die NG Kerk. Hoe sal jy nou ooit 'n oor en luisterhouding ontwikkel vir hulle wat jy altyd geglo het jy moet bekeer, leer, beheer en regeer?

Hoe sal jy nou ooit 'n oor en luisterhouding ontwikkel vir hulle wat jy altyd geglo het jy moet bekeer, leer, beheer en regeer?

Want ons weet mos net beter. Weet jy van 'n beroepsgroep wat meer grade per persoon verwerf het, meer boeke gepubliseer het en meer lesers en weeklikse toehoorders het as NG Kerk predikante? Is daar 'n kerk in Suid- Afrika waar die gemiddelde inkomste van lidmate hoër is as die NG Kerk – selfs in sy dramaties verswakte posisie? Ons leef ook mos net beter, asof dit ons reg is, selfs nou, nadat ons ons sondes van onregte teenoor ander, bely het.

Ek wonder dikwels hoeveel tyd Jesus op die preekstoel, in vergaderings, agter die rekenaar en in die biblioteek sou deurbring as Hy vandag hier was. Soos ek Hom leer ken het, sou Hy maar tussen die mense, veral die sondiges en onbelangrikes, gewees het om na hulle te luister. Is dit nie die radikale van Sy boodskap en bediening nie – Sy totale gebrek aan belangstelling in posisies en lewensstyl van mag? Kan ons dan nie sien hoeveel invloed Hy juis met Sy bedieningstyl uitgeoefen het nie?

Ek is so dankbaar oor die Seisoen van Luister. Vir my spreek dit van die begin van bewuswording. Maar ek wonder hoe individuele kerkleiers van die selfversekerde posisie van weet en sê tot by die meer gebukkende posisie van luister gaan kom. Ek is versigtig optimisties, want ek sien tekens daarvan, anders sou dit nie vir my moontlik gewees het om hier te kon skryf nie.

Om mag weg te gee, is so teen ons dominante kultuur, so gek en ongehoord dat ons net sal weet ons slaag daarin as ons begin ervaar dat dit met groot offers gepaard gaan.

Een ding weet ek egter, dié wat die Seisoen van Luister verklaar en aanvaar het, moet hulle regmaak om die grootste tipe ommeswaai van leef en dink te maak wat hulle nog in hul bediening moes doen. Om mag weg te gee, is so teen ons dominante kultuur, so gek en ongehoord dat ons net sal weet ons slaag daarin as ons begin ervaar dat dit met groot offers gepaard gaan.